DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE

SAKRAMENT: DOOP VAN GELOWIGES

DATUM: Desember 2013

PLEK: Nelspruit

SAKRAMENT: DOOP VAN GELOWIGES

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING 3

HOEKOM MOET GELOWIGES HULLE LAAT DOOP? 4

WAT BEDOEL DIE BYBEL MET DIE TERM DOOP? 4

WAT BEHELS DIE DOOPSHANDELING? 5

WAT IS DIE BETEKENIS/SIMBOLIEK VAN DIE DOOPSHANDELING? 5

WANNEER MOET 'N GELOWIGE HOM/HAAR LAAT DOOP? 5

KAN EK VERWAG DAT DAAR IETS MET MY GAAN GEBEUR AS EK MY LAAT DOOP? 6

SAMEVATTING 7

SAKRAMENT: DOOP VAN GELOWIGES

INLEIDING

Die sakrament (heilige handeling) van die doop, is 'n uiters belangrike handeling vir gelowiges.

Daarom is dit belangrik dat gemeentelede 'n goeie begrip het wat die doop beteken asook hoe en wanneer die handeling verrig behoort te word.

Die Weg Christelike Gemeente is van mening dat die Bybel van sewe verskillende doopshandelinge elkeen met sy eie betekenis, melding maak.

Hierdie verskillende doopshandelinge is:

- Doop van Moses. (1 Kor. 10:1-4)
- Doop van Johannes. (Matt. 3: 6-11)
- Doop met vuur. (Matt. 3:11 en Lukas 3:16)
- Doop van Jesus. (Matt. 3:13-17)
- Doop van die kruis oftewel doop van lyding. (Matt. 20: 22-23 en Lukas 12:50)
- Doop met die Heilige Gees. (Hand. 11:17)
- Doop van gelowiges. (Matt. 28:19)

Die doopshandeling waarop ons nou verder gaan let, is die doop van gelowiges.

Die doopshandeling van gelowiges kom ter sprake wanneer gelowiges tot bekering gekom het. (Bekering beteken 'n gelowige neem 'n bewustelike besluit om Jesus Christus as Saligmaker en hoogste outoriteit in sy/haar lewe te aanvaar.)

Die doel van hierdie dokument is om 'n bondige oorsig oor Die Weg Christelike Gemeente se verstaan van die "*Doop van Gelowiges*," te gee.

Hierdie dokument is 'n opsomming van 'n diepergaande en meer volledige studie oor hierdie onderwerp. Daarom verwys ons nie in hierdie dokument na dinge soos die sestien reëls vir Bybel interpretasie en vertolkingsbenaderings nie.

Ons gaan kortliks op die volgende let;

- Hoekom moet gelowiges hulself laat doop?
- Wat bedoel die Bybel met die term doop?
- Wat behels die doopshandeling?
- Wat is die betekenis van die doopshandeling?

- Wanneer moet ‘n gelowige hom/haarself laat doop?
- Kan ek verwag dat iets met my kan gebeur as ek sou besluit om myself te laat doop?

HOEKOM MOET GELOWIGES HULLE LAAT DOOP?

Dit blyk uit ’n studie van die Skrif dat gelowiges hulle moet laat doop omdat dit die **wil** van God is.

Jesus het na die Jordaanrivier gegaan en versoek dat Johannes die Doper Hom moet laat doop. Op ‘n vraag van Johannes, het Jesus Hom soos volg geantwoord; **Matt.3:15**

*"Jesus het hom (Johannes) geantwoord: Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die **wil** van God voldoen."*

Dit is ook ’n **bevel** van Jesus Christus wat gehoorsaam moet word.

Jesus het in Matt.28:19-20 beveel: *"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels, **doop** hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."*

Bostaande opdrag van Jesus, is deur die apostels aan gelowiges van die vroeë kerk, geleer.

Handelinge 2:38 (1953 Vertaling)

*“En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle **gedoo**p word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.”*

Bostaande opdrag van Jesus soos oorgedra deur oa. apostel Petrus, is deur die eerste gelowiges nagekom.

Hand. 8:26-39

“*Toe sê die Hofdienaar aan Fillipus; Daar is water, wat verhinder my om **gedoop** te word”*?

Gelowige persone moet hulle dus as ’n **daad van gehoorsaamheid**, laat doop.

WAT BEDOEL DIE BYBEL MET DIE TERM DOOP?

In die konteks van doop van gelowiges, is die Griekse woord vir doop; Baptizo.

Die woord het die volgende betekenis*; "to dip repeatedly, dip under, to bathe, to baptize."*

In Afrikaans beteken die woord doop; “*indompeling, om onder te dompel, of te bad*"

WAT BEHELS DIE DOOPSHANDELING?

Dit behels ‘n aksie waar ‘n gelowige verkieslik voor getuies (nie ‘n vereiste nie) hom/haar deur ‘n mede-gelowige, laat doop.

Die doop behels ‘n handeling waar die dopeling sy/haar liggaam, in water laat onder-dompel terwyl die doper die volgende woorde sê; *“Naam en Van;- Ek doop jou in die naam van God die Vader, God die Seun Jesus Christus, en God die Heilige Gees.”*

Doopshandeling is ‘n baie belangrike geestelike gebeurtenis.

WAT IS DIE BETEKENIS/SIMBOLIEK VAN DIE DOOPSHANDELING?

Die doop stel die begrafnis van die oue mens en die opstanding van die nuwe mens saam met Christus, voor. (Kol.2:12)

*"*Paulus verklaar ook in Romeine 6:4-5: "*Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so ’n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons saam met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook een wees met Hom in Sy opstanding*"

Die doop stel ’n gebed voor, waar die gelowige bid om ’n skoon gewete (1 Petrus 3:21).

Die doop is ‘n simbool van ‘n gelowige se geestelike vereniging met Jesus Christus.

Gal 3:26-27 (1983 Vertaling)

“Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword“

WANNEER MOET ‘N GELOWIGE HOM/HAAR LAAT DOOP?

Dit blyk uit die Bybel dat onderstaande voorvereistes vir die doop gestel word:

- Bekeer jou: Hand.2:38 sê: " *Bekeer jou en word gedoop....";*
- Geloof: Markus 16:16.verklaar: *" Wie tot geloof gekom het en gedoop is sal gered word; "*
- Dissipelskap: Jesus het gesê: " *Gaan .....en maak dissipels van al die nasies ..... en doop hulle....."* (Mat.28:19).

Dit is duidelik dat ’n mens op grond van die Heilige Gees se werking, eers tot bekering moet kom, alvorens mens gedoop word.

Dit blyk uit Handelinge 8 (Die evangelis Fillipus het die evangelie aan ‘n hofdienaar verkondig en lg. het tot bekering gekom), dat ‘n gelowige so spoedig moontlik na bekering, gedoop moet word.

Hand. 8:26-39

“*Toe sê die Hofdienaar aan Fillipus; Daar is water, wat verhinder my om gedoop te word”*?

KAN EK VERWAG DAT DAAR IETS MET MY GAAN GEBEUR AS EK MY LAAT DOOP?

Jy kan verwag dat die belofte dat jy ook met die Heilige Gees gedoop gaan word, op jou van toepassing sal wees. Hierdie belofte is oa. in Hand 2:38, vermeld.

“En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.”

Die proses waardeur gelowiges die gawe van God die Heilige Gees ontvang staan as doping met die Heilige Gees bekend.

Doping in hierdie konteks verwys na ’n bonatuurlike proses waar ’n gelowige deur God die Heilige Gees gevul word of waar die Heilige Gees oor ’n persoon kom.

Hierdie vulling/doping met die Heilige Gees kan met uiterlike tekens soos spreek in tale en/of profesie gepaard gaan (Hand. 10:45-46), of daar kan geen sigbare tekens wees nie.

Die doel van doping/vulling met die Heilige Gees is om gelowiges vir dienswerk te bekragtig.

Die Heilige Gees gee volgens Sy wil, onderstaande gawes aan gelowiges:

- Genadegawes;
- Bedieninge;
- Kragtige werkinge (1 Kor. 12:4-6).

Dit blyk uit die Bybel dat gelowiges op een van twee wyses met die Heilige Gees gedoop kan word naamlik;

Eerstens kan die Heilige Gees sonder enige menslike handeling op gelowiges kom. (Hand. 10: 44 en Hand. 11:15)

Tweedens kan doping met die Heilige Gees deur middel van handeoplegging plaasvind. (Hand. 8:17 en Hand. 19: 6)

Ons gemeente het die gebruik om na die doping in water, vir gelowiges wat dit verkies, die hande op te lê en vir hulle bid. Dit is vir ons 'n profetiese gebaar om te bevestig wat tydens die doopproses gebeur het. (Gelowige is ook in die naam van God die Heilige Gees gedoop.)

SAMEVATTING

Die doop van gelowiges is 'n Goddelike opdrag wat alle gelowiges uit gehoorsaamheid moet nakom.

PROSEDURE

Die volgende prosedure is by die doopshandeling van toepassing.

1. Dopeling versoek om gedoop te word.
2. Ouderling/pastoor voer onderhoud met dopeling om seker te maak die persoon verstaan wat die doop behels.
3. Reël vir doop geleentheid tydens 'n erediens.
4. Nadat die sakrament van die doop aan gemeente gelees is, moet dopeling bevestig dat hy/sy Jesus Christus as sy/haar saligmaker aanvaar, en gedoop wil word.
5. Na doopshandeling word dopeling die hande opgelê en gebid vir doping met die Heilige Gees.